Sirkels



Begin met jou potlood aan die kant.
Al in die rondte met jou hand.
Om en om en . . . kyk.
Dit is hoe 'n sirkel lyk.





'n Sirkel is mooi rond
en hy rol oor die grond.
Noudat jy 'n sirkel ken
soek tien sirkels en . . . wen!

Driehoek

Mamma, Mamma sê vir my
kan 'n driehoek rol en gly?
Mamma sit drie sye bymekaar .
en kyk, dit maak drie hoeke sowaar.



Soek en kyk om jou rond
teken 'n driehoek in die grond.
Sien, 'n driehoek het drie hoeke
en lyk net soos die snye van koeke



Vierkant



Ek vat my boek op die bank
en sien die vier sye is ewe lank.
Net soos hierdie boeke
het 'n vierkant vier hoeke.



Ek kry my waslap in die laai
Kyk, 'n vierkant alte fraai.
Met al vier sye ewe lank
is daar vier hoeke soos die
boek op die bank.